



I is vir “iets goeds” of “iets slegs”

Corné Janse van Rensburg



In vorige uitgawes van *PEGboard* is daar gekyk hoe 'n mens se basiese kennis van moderne Europese tale (Frans, Grieks en Italiaans) jou kan help om Afrikaanse tekste beter te redigeer. In hierdie uitgawe word aandag geskenk aan 'n oorblyfsel in Afrikaans van 'n klassieke naamval, die genitief.

In flekterende tale (soos Grieks, Latyn en Nederlands) verbuig selfstandige naamwoorde (en lidwoorde, voornaamwoorde en byvoeglike naamwoorde) om die funksie van die woord in die sin aan te dui. Morfologie – en nie woordorde nie – bepaal dus of 'n woord die onderwerp (nominatief) of die voorwerp (akkusatief) van die sin (of eerder van die werkwoord in die sin) is.

Wat is die genitief?

Die naamval bekend as die genitief, wat gewoonlik besit aandui en ook beskrywend gebruik kan word, kom hier en daar in geykte uitdrukkings in Afrikaans voor. Dink byvoorbeeld aan:

- om Gods wil
- Gods water oor Gods akker laat loop
- dag des lewens
- 'n kind des doods wees

Die *WAT* (Deel 3, bl. 149) gee as eerste betekenisonderskeiding van die lemma *genitief* die volgende:

ge'nitief s.nw., genitiewe. Ook *genitivus*. (taalkunde) (Latyn)

1 Tweede naamval, besitlike naamval, bepaalde verbuigingsvorm van 'n selfstandige naamwoord, voornaamwoord, byvoeglike naamwoord en lidwoord, deur middel waarvan in flekterende tale 'n genitiefsbetrekking soos dié van besitting uitgedruk word. In Afr. word genitiefsverhoudinge weergegee deur omskrywing met *van* (*die*) of *se* behalwe in 'n aantal versteende gevalle, bv. *steen des aanstoots*, *dag der dae* (Hebreeuse genitief), *Gods woord*, dikw. met verlies van die oorspronklike funksie soos by die bywoorde (oorspr. bywoordelike genitiewe) *saans* (uit Nederlands *'s avonds*), *smiddags*, *smorens*, *snags*, *Vrydags*, ens., ouer vorme soos *desnoods*, *destyds*, *desondanks*, ens., ander attributiewe vorme soos *myns insiens*, *onses insiens*, *myns bedunkens*, *mynersyds*, en by die partitiewe of deelsgenitiewe wat die geheel aandui waarvan 'n deel vooraf genoem word, bv. (*niks*) *goeds*, (*wat*) *anders*, (*iets*) *moois*, (*iets*) *nuuts* (wat in die vorm *nuus* gesubstantiveer is), (*iets*) *lekkers* (ook gesubstantiveer), (*veel*) *goeds*, ens.

Dit is veral die laaste deel van hierdie rubriek wat hier van belang is, veral wanneer twyfel bestaan of 'n mens eerder *iets goeds* as *iets goed* moet skryf, of *iets slegs* eerder as *iets sleg*.



Wat is die deelsgenitief?

As 'n mens die lemma *deelsgenitief* in die *WAT* (Deel 2, bl. 52) naslaan, vind jy die volgende:

deels'genitief s.nw. (taalkunde)

Genitief of verboë 2de nv. op -s om 'n verdeelde geheel aan te dui, waarby die deel wat genoem word onmiddellik aan die genitief voorafgaan; bv. in *veel goeds*, *iets nuuts*, *niks kwaads* is *goeds*, *nuuts* en *kwaads* deelsgenitiewe, terwyl *veel*, *iets* en *niks* die genoemde dele is.

Ook genoem *partitief*, *partitiewe genitief* en *delingsgenitief*, *verdelingsgenitief*.

Carstens (2011:139) definieer die deelsgenitief (partitiewe genitief) soos volg:

partitiewe genitief: versteende vorme rakende die tweede (besitlike) naamval wat die geheel aandui waarvan 'n deel vooraf genoem word, byvoorbeeld *iets leliks*

In die *HAT Taal- en feitegids* (2013:56) omskryf Tom McLachlan die deelsgenitief (partitiewe genitief) so:

iets moois/spesiaals In enkele gevalle sien ons in hedendaagse Afrikaans nog oorblyfsels van Nederlandse naamvalsvorme wat Afrikaans origens grotendeels verloor het. Dink maar aan sekere vaste uitdrukkings soos *myns/onses/syns insiens* of *veels te veel*, en in segswyses soos *Gods volk* of die ou gesangvers se *O goedheid Gods*.

'n Paar woorde in Afrikaans neem tans nog egter nog steeds die sogenaamde deelsgenitief of partitiewe genitief ná hulle, dit wil sê die byvoeglike naamwoord wat op hulle volg, kry 'n ekstra *-s* aan. Dié woorde is veral *iets*, *niks*, *veel*, *weinig*, *baie*, *alles* en *soveel*. In idiomatiese Afrikaans sê ons dus *Ek het vir jou iets spesiaals gekoop; dit is werklik iets besonder; ek kan my niks aangenamers voorstel nie; daar kan niks goeds van kom nie; daar is darem nog veel goeds in die mens; daar is maar weinig oorspronklikke aan die verhaal*, en so meer. Hoewel dié partitiewe *-s* skynbaar al hoe minder gebruik word, sal die versigtige skrywer/spreker dit tog nog gebruik, veral ná *iets*, *niks*, *veel* en *weinig*.

'n Veel ouer bron, maar een wat deur Grütter in 'n resensie as die Fowler van Afrikaans beskryf is ("This Afrikaans version of what Fowler means to the English language has been skilfully derived from a series of weekly columns Hiemstra wroet", Woensdag 28 Mei 1980), is Hiemstra se *Die juiste woord: Praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans* (1980). Hierdie bron se inskrywing oor die deelsgenitief (1980:94) lees soos volg:

partitiewe genitief. Ons ken goed en kwaad, maar *iets goeds* en *iets kwaads*, met *s'e*: soos na *iets* neem byvoeglike naamwoorde na *baie*, *veel*, *soveel*, *niks*, *weinig*, *alles* in die reël 'n *-s*.

Hierdie geleerde term dui 'n heel gewone verskynsel aan, soos ons kan sien in uitdrukkings soos dié: *dit is iets moois; die blommeskikking is iets baie moois; 'n mens verwag niks beters van hulle nie; ons het veel goeds van jou gehoor; hoeveel kwaads het ons nie al van hom verneem nie; soveel leliks van die man kan tog nie waar wees nie; hulle vertel baie goeds van hom; sy wil niks ongunstigs van hom weet nie; ons wens jou alles goeds toe*. Al hierdie esse aan die end van die byvoeglike naamwoorde is die teken van die ou tweede of besitlike naamval, die genitief. Die genitiewe in die aangehaalde uitdrukkings word met 'n term uit die Latynse spraakkuns, partitief genoem, omdat hulle as 't ware 'n deel (part) aandui, bv. "iets goeds" is 'n deel van wat goed is. In Afrikaans, Nederlands, Duits, Latyn en ander tale kom die partitiewe genitief heelwat voor. In ons ouer taal verskyn dit ook by selfstandige naamwoorde, bv.: 'n som gelds; dis nie veel snaaks nie; hy gaan syns weegs. Maar dit is uitsonderinge, want in sulke gevalle het dit byna heeltemal verdwyn.

Maar selfs by byvoeglike naamwoorde is slordige skrywers en sprekers geneig om die *s* te vergeet, deurdat Engels die partitiewe genitief nie het nie. Dit is bv. goeie Engels om te sê: "There is nothing better", maar dit is slegte of Engelse Afrikaans om te sê: "Daar is niks beter" in plaas van *daar is niks beters nie*. Ná woorde soos *iets*, *niks*, *veel* word die daaropvolgende byvoeglike naamwoord in die reël verbuig met 'n *s*. Aan die ander kant moet ons geen *s* aanlas waar ons nie met 'n partitiewe genitief te doen het nie. Bv. die sin "Daar is niks radikaal verkeerd nie" is in orde, want *radikaal* is hier 'n bywoord en word dus nie verbuig nie.

Die deelsgenitief verwys dus na byvoeglike naamwoorde met 'n *s*-agtervoegsel wat die geheel uitdruk van woorde soos *alles*, *baie*, *iets*, *niks*, *soveel*, *veel* en *weinig* wat die deel bepaal. Onthou dat hierdie woordgroep natuurlik deur 'n



Die deelsgenitief verwys na byvoeglike naamwoorde met 'n *s*-agtervoegsel wat die geheel uitdruk van woorde soos *alles*, *baie*, *iets*, *niks*, *soveel*, *veel* en *weinig* wat die deel bepaal.

bywoord, wat nie verbuig nie, onderbreek kan word, bv. *iets besonder goeds* of *iets uiters slegs*. SAAZ (2011:141) se goeie raad is die volgende:

iets Ná *iets* kry 'n b.n.w. *-s* by: *iets moois* of *iets besonder*. *Goed* is 'n b.w. in: *Jy moet iets goed (of deeglik) doen*; dit slaan dus op die w.w. *doen* en gaan dan nie op *-s* uit nie. 🍏

BRONNE

- Carstens, W.A.M. 2011. 5e uitgawe. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Grütter, W. "Good style" In: *Argus*, 25 Mei 1980.
- Hiemstra, L.W. 1980. *Die juiste woord: Praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg en Nasou.
- Luther, J., Pfeiffer, F. en Gouws, R.H. (reds.) 2015. 6e uitgawe. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson.
- Müller, D. & Pistor, S. 2011. 2e uitgawe. *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos.
- Pfeiffer, F. & Luther, J. (reds.) 2013. *HAT Taal- en feitegids*. Kaapstad: Pearson.
- Woordeboek van die Afrikaanse taal, Deel 1 (1950) tot Deel 14 (2013). Pretoria: Die Staatsdrukker en Stellenbosch: Buro van die WAT.